

# VERTREK VANUIT SUID-AFRIKA

## Inwoners van Suid-Afrika

Registreer asseblief jou waardevolle items voordat jy die land verlaat. As bewys dat jy waardevolle items, soos juwele, horlosies, kameras, videokameras, skootrekenaars, saam met jou uit Suid-Afrika geneem het, moet jy dit vir herinvoer registreer voordat jy vertrek. Registrasie kan gedoen word by die doeane-kantoor in die internasionale vertreksaal, voordat jy jou bagasie by die lug-/skeepsredery inhandig.

Let asseblief daarop dat indien jou waardevolle items nie identifiseerbaar is deur 'n reeksnommer of identiteitsmerk nie, die aangeleentheid lank voor die tyd met Doeane bespreek moet word om reëlings te tref vir geskikte identifikasie, deur foto's, seëls, ens. voor jou vertrek uit Suid-Afrika.

In gevalle waar jy aanboord 'n aansluitingsvlug gaan na 'n aangewese internasionale lughawe van waar jy sal vertrek vir jou internasionale of streeksvlug, maak asseblief seker dat jou goedere geregistreer is vir herinvoer, voordat jy jou bagasie ingee vir die eerste vlug.

## Toeriste / buitelandse besoekers

Indien jy 'n besoeker/buitelandse besoeker is, kan jy belasting op toegevoegde waarde (BTW) terugeis op goedere wat jy gedurende jou besoek aan Suid-Afrika aangekoop het. Vir meer inligting, [klik hier](#).

## Wat is die beperking op Suid-Afrikaanse banknote wat ek saam my mag hê wanneer ek die republiek binnekom of verlaat?

1. 'n Reisiger word toegelaat om te verklaar en saam hom/haar te dra 'n maksimum van R25 000/onbeperkte buitelandse geldeenheid, welke hy/sy die land binnekom of verlaat. Die Suid-Afrikaanse banknote is onbeperk indien die reisiger na 'n land gaan/vanaf 'n land terugkeer wat binne die gemene monetêre gebied (CMA) is.
2. Dit kan gebeur dat 'n Suid-Afrikaanse inwoner 'n bepaalde bedrag Rand, meer as R25 000, het wanneer hy/sy Suid-Afrika verlaat, wat die reisiger beplan om te gebruik vir die betaal van invoerregte met sy/haar terugkoms. Dit word toegelaat indien die reisiger van die rooi kanaal gebruik gemaak het en 'n kopie van voorafgoedkeuring aan die Beursbeheersdepartement (SARB) kan gee.

**Top wenk:** Doeane-beamptes mag geldeenheid soek en konfiskeer ingevolge regulasie 3(3) en 3(6) van die Beursbeheerregulasies. Vir meer inligting, verwys na die [eksterne beleid op oorskotgeldeenheid](#).

## Hoeveel buitelandse geldeenheid mag Suid-Afrikaanse inwoners in hul besit hê wanneer hul die land verlaat?

Ter waarde van R160 000 per volwassene en R50 000 per kind onder die ouderdom van twaalf (12), per kalenderjaar, vanuit Suid-Afrika. Vooraf klaring deur 'n gemagtigde handelaar (op 'n amptelike briefhoof) moet aan Doeane as bewys getoon word. Sonder sodanige klaring, word slegs 'n bedrag gelykstaande aan R25 000 per persoon toegelaat.

## Wat is die beperkings op Krugerrandmunte?

1. Suid-Afrikaanse inwoners mag geen Krugerrandmunte vanuit Suid-Afrika uitvoer sonder die vooraf goedkeuring van die SARB nie.
2. Buitelandse besoekers/reisigers mag tot vyftien (15) Krugerrandmunte met hul vanuit Suid-Afrika saamneem, mits hulle kan bewys dat die munte aangekoop is met buitelandse geldeenheid wat saam met hulle die land ingebring is.